

# DEPARTEMENT VAN MAATSKAPLIKE ONTWIKKELING DIENSLEWERINGSHANDVES

**ONS VISIE** : 'n Selfonderhoudende samelewing

**ONS DOEL** : Om die voorsiening van 'n omvattende netwerk van maatskaplikeontwikkelingsdienste wat armes, kwesbares en diegene met spesiale behoeftes in staat stel en bemagtig, te verseker

**ONS WAARDES** : Die kernwaardes van die Wes-Kaapse Regering, wat deur die Departement onderskryf word, is soos volg:

Omgee · Bevoegdheid · Aanspreeklikheid · Integriteit · Innovasie · Responsiwiteit

## ONS HEG WAARDE DAARAAN OM TOEGANKLIK TE WEES

Dit is waarom ons geboue toeganklik is vir mense wat met gestremdhede saamleef.

**DIREKTORAAT FASILITEITSBESTUUR**

Adres: R101, Ou Paarlweg
De Novo Hub
Kraaifontein, 7570

Tel: 021 826 6040
E-pos: Marshionette.Jonkerman@westerncape.gov.za
24-uur inname: De Novo Hub
Tel: 021 826 6050; 067 429 0974
E-pos: Charlotte.September@westerncape.gov.za

**KANTOORURE: Maan - Vry 08:30 – 16:00**

| | |
|---|---|
| **Kinder- en Jeugsorgsentrums** | Voorsien alternatiewe sorg en ondersteuning aan kinders wat ingevolge die Kinderwet 35 van 2005 in die verskeie Kinder- en Jeugsorgfasiliteite en inrigtings geplaas word. |
| **Kinder- en Jeugveiligesorgsentrums** | Om residensiële sorgsentrums te voorsien aan verhoorafwagtende en gevonnisde kinders en jeugdiges wat geplaas word ingevolge die Kinderwet 35 van 2005 en die Kinderregtewet, 75 van 2008. |
| **Misdaadvoorkoming en Steun** | Verminder faktore wat bydra tot maatskaplike misdaad en verminder herhalings van misdaad deur middel van 'n doeltreffende proefdiens aan alle weerlose kinders, jeugdiges en volwassenes. |
| **Diens aan mense met gestremdhede** | Voorsiening van residensiële sorgdienste vir diepgaande en ernstige intellektueel-gestremde kinders en volwassenes. |
| **Middelmisbruik, Voorkoming en Rehabilitasie** | Voorsien residensiële middelemisbruik-behandelingsprogramme aan kinders en volwassenes (vrywillig en statutêr). |
| **Toelatings** | Voorsien 'n 24-uur toelatingsdiens aan kinders en jeugdiges wat behoefte het aan versorging en beskerming. |
| **Gehalteversekering** | Om 'n konsekwente en gebalanseerde raamwerk te verskaf vir die evaluering van dienste wat deur kinder- en jeugsorgorganisasies verskaf word wat fokus op voortgaande verbetering. |

**Die Departement se kontakbesonderhede, diensareas en die diensstandaardeskedule kan gevind word by: westerncape.gov.za/dept/social-development**

### Ons verantwoordelikheid teenoor u

- Om hoflik en met respek op te tree.
- Om u te raadpleeg oor u diensbehoeftes.
- Om stiptelike en doeltreffende dienste te lewer.
- Om met deursigtigheid te reageer op versoeke om inligting.
- Om te poog om waarde vir geld te lewer.
- Om u persoonlike inligting met die uiterste vertroulikheid te hanteer.
- Om regstelling te bewerk waar foute begaan word.
- Ons het 'n beleid van geen verdraagsaamheid teenoor misbruik, bedrog en wangedrag.
- Om te reageer op alle navrae wat ontvang word via die 0800 220 250 tolvry nommer binne 24 werksdae indien die navraag verwys moet word vir 'n respons.
- Om aan kinders wat noodsaaklik versorging en beskerming benodig op dieselfde dag 'n reaksie te verskaf.

### U verantwoordelikheid teenoor ons

- Om hoflik en beleerd te wees en ons waardigheid te respekteer.
- Om aan ons volledige en akkurate inligting sowel as onlangs gesertifiseerde afskrifte van enige dokumentasie wat benodig mag word, te verskaf.
- Om eerlik te wees in u samesprekings met ons.
- Om beskikbaar en gewillig te wees om deel te neem aan dwarsleggende programme waarop besluit mag word.
- Om voorstelle te maak van hoe dienslewering moontlik verbeter kan word.

### U TERUGVOER IS BELANGRIK VIR ONS:

U word uitgenooi om u voorstelle , komplimente, algemene navrae en/of konstruktiewe kritiek aan ons te stuur:

- Sien die kontakbesonderhede soos hierbo gelys.
- Of u kan dit in die voorstelhouers by ons plaaslike kantore plaas.
- Ons onderneem om binne 48 uur op alle geskrewe navrae/klagtes te reageer.
- Indien ons nie onmiddellik op u navraag kan reageer nie, sal ons die besonderhede van die kontakpersoon aan u verskaf wat u oor reaksietyd kan raadpleeg.

### HOE OM 'N KLAG LÊ:

- Besoek of kontak u naaste plaaslike kantoor en praat met 'n kliëntesorgbeampte.
- Skakel ons tolvrynommer by **0800 220 250**.
- Ons sal aan u 'n verwysingsnommer verskaf indien u ons tolvrynommer skakel vir opvolging van enige saak wat u by ons opgehaal het.
- Of u kan 'n e-pos stuur aan **SD.CustomerCare@westerncape.gov.za** .

**VERKLARING VAN UITVOERENDE GESAGHEBBENDE:**

Ek, Sharna Fernandez, verbind die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling daartoe om te hou by hierdie Dienslewerings-handves ingevolge die Staatsdiensregulasies 2016, Deel III, artikel 36(f) en 37.

**Me S. FERNANDEZ**
**WES- KAAPSE MINISTER: DEPARTEMENT VAN MAATSKAPLIKE ONTWIKKELING**
**FEBRUARIE 2022**

Wes-Kaapse Regering
VIR JOU
Maatskaplike Ontwikkeling